



182571805F

088384



**SENTRUM VIR BIBLIOTEEK- EN  
INLIGTINGSDIENSTE**  
**CENTRE FOR LIBRARY AND  
INFORMATION SERVICES**

**VERVALDATUM/DATE DUE**



35 DAAN 1892

**TERUG**



1929933866

001.3072068 HSRC FPI 11



28678

\* 2 8 6 7 8 3 \*

**Aankoop en verbruik  
van vars groente en vrugte  
deur institusies in die RSA**

# RGN-Reeks: Varsprodukte-ondersoek

Reeksredakteur: Sieg Marx

## GEPUBLISEERDE TITELS

1. **Prysverandering by die bemarking van vars vrugte en vars groente in die Republiek van Suid-Afrika.** D S Langley, J van Zyl.
2. **Distribusie van vars vrugte en vars groente in die Republiek van Suid-Afrika.** J A de Villiers, J G van Deventer.
3. **Riglyne vir die uitbreiding, opgradering, verskuiwing en sluiting van bestaande marke, asook die vestiging van nuwe marke.** D B J van Rensburg.
4. **Standardisation of the grading, packaging, labelling, inspection, pallatisation and control systems in the fresh produce industry in the Republic of South Africa.** M A Louw, P F Birkby, J J Steenekamp.
5. **Inligtingsaangeleenthede met betrekking tot die bemarking van varsprodukte in die Republiek van Suid-Afrika.** Buro vir Finansiële Analise, Universiteit van Pretoria.
6. **Inkomste- en kostestrukture van nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika** Buro vir Finansiële Analise, Universiteit van Pretoria.
7. **Bylae B van die verslag oor die inkomste- en kostestrukture van die nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika.**
8. **Inkomste- en kostestrukture van markagentskappe op die nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika.** Finansiële Analise, Universiteit van Pretoria.
9. **Eienaarskap van die nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika.** LHA-Bestuurskonsultante.
10. **Aankoop en verbruik van vars groente en vrugte deur private huishoudings in die metropolitaanse gebiede van die Republiek van Suid-Afrika.** J H Martins.
11. **Aankoop en verbruik van vars groente en vrugte deur institusies in die Republiek van Suid-Afrika.** J H Martins.
12. **Reklame-aangeleenthede met betrekking tot die bemarking van vars groente en vrugte in die Republiek van Suid-Afrika.** Departement Bedryfs-ekonomiese, Universiteit van Pretoria.
13. **Laws, by-laws and regulations which apply to fresh produce markets and the marketing of fresh produce.** K Miller, R Hirschowitz.
14. **Funksionarisse, bestuurstelsels en bedryfsvoering op die nasionale varsproduktemarke in die Republiek van Suid-Afrika.** Buro vir Finansiële Analise, Universiteit van Pretoria.
15. **Hoofverslag: Bemarking van varsprodukte in die Republiek van Suid-Afrika.** Sieg Marx


**Aankoop en verbruik  
van vars groente en vrugte  
deur institusies in die RSA**

**J. H. Martins**

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, 1991

Alle regte voorbehou.

Geen gedeelte van hierdie boek mag sonder skriftelike verlof van die uitgewer gereproduseer of in enige vorm of met enige elektroniese of meganiese middel weergegee word nie, hetsy deur fotokopiëring, plaat- of bandopname, vermikrofilming of inligtingsbewaring.



Uitgegee deur

RGN-Uitgewers  
Privaatsak X41  
Pretoria

# Voorwoord

Die ondersoek na die bemarking van varsprodukte in die RSA het 'n wye terrein bestryk soos duidelik blyk uit die lys navorsingstemas wat op die binneblad van hierdie verslag verskyn.

Die hoofdoel van hierdie navorsing is om relevante en bruikbare inligting aan die beleidmakers en bedryfsvoerders beskikbaar te stel op grond waarvan hulle moontlik beter besluite in belang van die varsproduktebedryf kan neem.

Die belangrikste beginsels wat die ondersoek ten grondslag lê, is wetenskaplikheid en onpartydigheid. Verder is gopoog om diepgaande, demokratiese en aanbevelingsgerigte navorsing binne 'n relatief kort tydsbestek te doen.

Ten einde die doelwitte te bereik en die beginsels te verantwoord, is al die belanghebbendes by die varsproduktebedryf, te wete produsente, verbruikers, markeienaars, markbesture, markagente, groothandelaars, kleinhandelaars, die kettingwinkelgroepe, institusionele kopers, die informele sektor, bemarkingsrade en beurse, die sentrale en provinsiale owerhede, dio georganiseerde handel, vervoerinstansies en verskaffers van landbou-insette deur middel van posopnames en/of groepespreekings en/of persoonlike onderhoude by die ondersoek betrak.

Waar toepaslik, is bepaalde aspekte van die bemarking van varsprodukte in die RSA, ook in die lig van oorsese bemarkingspraktyke, in perspektief geplaas.

Dit word vertrou dat die inligting in hierdie verslag wat oor die "Aankoop en verbruik van vars groente en vrugte deur institusies in die RSA" handel, die betrokke bedryfsvoerders in staat sal stel om die regte dinge die eerste keer reg te doen en hulle besluite so te neem dat tydig, ekonomies en effektief aangepas kan word by die huidige en toekomstige geleenthede en bedreigings in die varsproduktebedryf.

## Ten slotte 'n opregte dankwoord aan:

- Minister Jacob de Villiers, voormalige Minister van Landbou wat die ondersoek goedgekeur het en die fondse daarvoor bewillig het.
- Die Departement van Landbou en dio Kommissie vir Varsproduktemarkte vir hulpverlening.

- ▣ Die Hoofkomitee en tien werkkomitees vir vakkundige en bedryfskundige bydraes.
- ▣ Instansies en individue uit die varsprodukbedryf vir finansiële bydraes.
- ▣ Die deelnemers aan die ondersoek vir inligting, voorstelle en standpunte.
- ▣ Die navorsers vir hulle taak.
- ▣ Mn. Dave Langley vir vakkundige koördinering.
- ▣ Mev. Elsa Geldenhuys vir administratiewe koördinering.
- ▣ Die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en meer bepaal die divisie Menslike Hulpbronstrategieë van die Groep: Menslike Hulpbronne vir verskaffing van 'n infrastruktuur.
- ▣ Die Topbestuur van die Universiteit van Pretoria wat toegestem het dat ek die ondersoek as navorsingsdirekteur kon lei.

**SIEG MARX**  
*Reeksredakteur*

Maart 1991

# Inhoud

## *Bladsy*

<b>Lys van figure .....</b>	<b>xi</b>
<b>Lys van tabelle in teks .....</b>	<b>xiii</b>
<b>Lys van tabelle in Bylae A .....</b>	<b>xv</b>
<b>1      Opsomming .....</b>	<b>1</b>
1.1     Doel, omvang en metode van die studie .....	1
1.2     Aankope van vars en verwerkte groente en vrugte .....	1
1.3     Frekwensie en dag van aankope .....	2
1.4     Motiveringsfaktore by die aankoop van varsprodukte .....	2
1.5     Jaarlikse besteding .....	2
1.5.1    Vars groente volgens soort institusie .....	2
1.5.2    Vars vrugte volgens soort institusie .....	2
1.5.3    Vars, ingemaakte, bevrore en ontwaterde groente .....	3
1.5.4    Vars, ingemaakte, droë- en versuikerde vrugte .....	3
1.6     Plek van aankope .....	5
1.6.1    Jaarlikse besteding aan vars groente .....	5
1.6.2    Jaarlikse besteding aan vars vrugte .....	5
1.6.3    Redes vir aankope .....	6
1.7     Prysbepaling .....	8
1.7.1    Metode .....	8
1.7.2    Prystermyne .....	8
1.8     Titel van besluitnemer .....	8
1.9     Gesondheidsaspekte van varsprodukte .....	8

1.10	Eienskappe van groot institusionele aankopers van varsprodukte .....	9
1.11	Algemene opmerkings .....	9
1.12	Aanbevelings .....	10
	1.12.1 Produk .....	10
	1.12.2 Prys .....	10
	1.12.3 Distribusie .....	11
	1.12.4 Kommunikasie .....	11
<b>2</b>	<b>Doel, omvang en metode van die studie .....</b>	<b>13</b>
2.1	Doel met die studie .....	13
2.2	Omvang van die studie.....	14
	2.2.1 Produkte .....	14
	2.2.2 Teikengroepe .....	14
2.3	Metode van die studie .....	16
	2.3.1 Vraelys .....	16
	2.3.2 Tydsduur van die opname .....	16
	2.3.3 Metode van berekening .....	17
2.4	Betroubaarheid van die data .....	18
	2.4.1 Steekproeffout .....	18
	2.4.2 Steekproefverlies .....	18
	2.4.3 Rapporteerfout .....	19
	2.4.4 Verwerkingsfout .....	20
	2.4.5 Steekproefraam .....	20
2.5	Validering .....	20
<b>3</b>	<b>Resultate van die ondersoek .....</b>	<b>21</b>
3.1	Inleiding .....	21
3.2	Aankope van vars en verwerkte groente en vrugte .....	21
	3.2.1 Vars groente .....	22
	3.2.2 Ingemaakte groente .....	22
	3.2.3 Bevrøre groente .....	22
	3.2.4 Ontwaterde groente .....	22
	3.2.5 Vars vrugte .....	22
	3.2.6 Ingemaakte vrugte .....	23
	3.2.7 Droë- en versuikerde vrugte .....	23
3.3	Frekwensie van aankope van varsprodukte .....	26
3.4	Dag van aankope van varsprodukte .....	26

<b>3.5 Motiveringsfaktore by die aankoop van varsprodukte.....</b>	<b>26</b>
3.5.1 Identifikasie van faktore .....	26
3.5.2 Relatiewe belangrikheid van faktore .....	26
3.5.3 Kwaliteitsbeheer in die Republiek van Suid-Afrika .....	30
<b>3.6 Jaarlikse besteding aan vars en verwerkte groente en vrugte ....</b>	<b>32</b>
3.6.1 Vars groente .....	32
3.6.2 Ingemaakte groente .....	32
3.6.3 Bevrøre groente .....	32
3.6.4 Ontwaterde groente .....	35
3.6.5 Vars vrugte .....	35
3.6.6 Ingemaakte vrugte .....	35
3.6.7 Droë- en versuikerde vrugte .....	35
<b>3.7 Plek van aankope .....</b>	<b>35</b>
3.7.1 Varsproduktemark .....	35
3.7.2 Makelaars .....	39
3.7.3 Boere of produsente .....	39
3.7.4 Distribueerders en groothandelaars .....	39
3.7.5 Hipermarkte en kettingwinkels .....	39
3.7.6 Groentewinkels .....	39
3.7.7 Informele sektor .....	40
3.7.8 Ander aankoopplekke .....	40
<b>3.8 Jaarlikse besteding aan varsprodukte volgens aankoopplek .....</b>	<b>40</b>
3.8.1 Vars groente .....	40
3.8.2 Vars vrugte .....	41
3.8.3 Vars groente en vrugte .....	41
<b>3.9 Prysbepaling .....</b>	<b>41</b>
3.9.1 Metode van prysbepaling .....	41
3.9.2 Prystermyne .....	48
<b>3.10 Titel van die besluitnemer oor die aankope van varsprodukte ...</b>	<b>51</b>
<b>3.11 Gesondheidsaspekte by die verbouing en behandeling van varsprodukte .....</b>	<b>52</b>
<b>3.12 Institusies volgens grootte en aankope .....</b>	<b>52</b>
3.12.1 Indeling .....	52
3.12.2 Soort institusie .....	52
3.12.3 Verspreiding van institusies .....	54
3.12.4 Besteding aan varsprodukte .....	59
3.12.5 Motiveringsfaktore by die aankoop van vars groente ....	59
3.12.6 Plek van aankoop .....	60
3.12.7 Besteding by aankoopplekke .....	60
3.12.8 Metode van prysbepaling .....	60

3.13 Slotopmerkings .....	61
<b>Bylae A .....</b>	<b>63</b>
<b>Bylae B .....</b>	<b>79</b>
<b>Bylae C .....</b>	<b>85</b>

# Lys van figure

<i>Figuur</i>	<i>Bladsy</i>
1.1 Totale jaarlikse besteding aan vars groente volgens soort institusie, 1989–90 .....	3
1.2 Totale jaarlikse besteding aan vars vrugte volgens soort institusie, 1989–90 .....	4
1.3 Totale jaarlikse besteding aan vars, ingemaakte, bevrore en ontwaterde groente, 1989–90 .....	4
1.4 Totale jaarlikse besteding aan vars, ingemaakte en droë- en versuikerde vrugte, 1989–90 .....	5
1.5 Totale jaarlikse besteding aan vars groente volgens aankoopplek, 1989–90 .....	6
1.6 Totale jaarlikse besteding aan vars vrugte volgens aankoopplek, 1989–90 .....	7

# Lys van tabelle in teks

<i>Tabel</i>	<i>Bladsy</i>
<b>Hoofstuk 2</b>	
2.1 Universum en getal institusies ingesluit by die steekproef.....	15
2.2 Getal vraelyste uitgestuur en terugontvang volgens soort institusie .....	19
<b>Hoofstuk 3</b>	
3.1 Persentasie institusies wat vars en verwerkte groente en vrugte aankoop.....	23
3.2 Belangrikste redes vir die aankope van vars en verwerkte groente en vrugte volgens soort institusie.....	24
3.3 Frekwensie van aankope van varsprodukte volgens soort institusie .....	27
3.4 Dae waarop varsprodukte normaalweg gekoop word volgens soort institusie .....	28
3.5 Faktore in ag geneem by die aankoop van varsprodukte volgens soort institusie .....	29
3.6 Belangrikheidsindeks van faktore by die aankoop van varsprodukte volgens soort institsie .....	30
3.7 Totale jaarlikse besteding volgens soort produk en institusie, 1989–90.....	33
3.8 Institusies se aankoopplekke vir varsprodukte volgens soort institusie .....	36

3.9	Belangrikste redes vir aankope van varsprodukte by verskillende aankoopplekke volgens institusie.....	37
3.10	Totale jaarlikse besteding aan vars groente volgens aankoopplek en soort institusie, 1989–90.....	42
3.11	Totale jaarlikse besteding aan vars vrugte volgens aankoopplek en soort institusie, 1989–90.....	44
3.12	Totale jaarlikse besteding aan varsprodukte volgens aankoopplek en soort institusie, 1989–90 .....	46
3.13	Metode van prysbepaling van varsprodukte volgens soort institusie .....	48
3.14	Geldige prystermyne volgens soort ooreenkoms en institusie.....	49
3.15	Titel van besluitnemer oor die aankoop van varsprodukte volgens soort institusie .....	53
3.16	Verbouings- en behandelingsaspekte van varsprodukte waaroor inliging verlang word volgens soort institusie.....	55
3.17	Eienskappe van institusies volgens grootte van aankope van varsprodukte .....	57

# Lys van tabelle in Bylae A

<i>Tabel</i>	<i>Bladsy</i>
<b>Redes vir die aankope van die verskillende soorte groente en vrugte</b>	
A1 Redes vir aankope van vars groente volgens soort institusie .....	64
A2 Redes vir aankope van ingemaakte groente volgens soort institusie .....	65
A3 Redes vir aankope van bevrome groente volgens soort institusie .....	66
A4 Redes vir aankope van ontwaterde groente volgens soort institusie .....	67
A5 Redes vir aankope van vars vrugte volgens soort institusie .....	68
A6 Redes vir aankope van ingemaakte vrugte volgens soort institusie .....	69
A7 Redes vir aankope van droë-/versuikerde vrugte volgens soort institusie .....	70
<b>Redes vir die aankope van varsprodukte by die verskillende aankoopplekke</b>	
A8 Redes vir aankope van varsprodukte by varsprodukemarkte volgens soort institusie .....	71
A9 Redes vir aankope van varsprodukte by makelaars volgens soort institusie .....	72
A10 Redes vir aankope van varsprodukte direk vanaf boere of produsente volgens soort institusie .....	73

A11 Redes vir aankope van varsprodukte by distribueerders en groothandelaars volgens soort institusie .....	74
A12 Redes vir aankope van varsprodukte by hipermarkte en kettingwinkels volgens soort institusie .....	75
A13 Redes vir aankope van varsprodukte by groentewinkels volgens soort institusie .....	76
A14 Redes vir aankope van varsproduktes by die informele sektor volgens soort institusie .....	77
A15 Redes vir aankope van varsproduktes by ander plekke volgens soort institusie .....	78

## **HOOFSTUK 1**

---

# **Opsomming**

### **1.1 DOEL, OMVANG EN METODE VAN DIE STUDIE**

Die doel met die studie is om institusies in die RSA se besteding aan, houdings tenoor en gebruikte by die aankoop van vars groente en vrugte te bepaal. 'n Institusie is 'n instelling of onderneming wat gratis of teen betaling voorbereide etes aan mense verskaf. Institusies wat by die studie ingesluit is, is nywerheidshostelle en -kantiene, mynhostelle en -kantiene, koshuise, hotelle, hospitale, tehuise en sentrums, verversingsinstellings en die owerheidsektor. Die studie handel hoofsaaklik oor vars groente en vrugte maar enkele vrae oor ingemaakte groente en vrugte, bevroe groente, ontwaterde groente en droë- en versuikerde vrugte, is ook in die vraelys ingesluit.

Die primêre inligting is by wyse van 'n posopname deur die Buro vir Marknavorsing (BVM) by 'n steekproef van 7 264 institusies ingesamel. Ongeveer 41% (2 973 respondentie) van die steekproefelemente het tot 15 Junie 1990 voltooide vraelyste teruggestuur.

### **1.2 AANKOPE VAN VARS EN VERWERKTE GROENTE EN VRUGTE**

- Vars groente word deur bykans alle institusies aangekoop vir gebruik in maaltye en/of geregte en/of gebak, omdat dit hoë voedingswaarde het en die prys redelik is.
- Verwerkte groente word deur minder institusies gekoop. Heelwat meer institusies koop eerder bevroe as ingemaakte groente, terwyl relatief min institusies ontwaterde groente koop. Verwerkte groente word hoofsaaklik gekoop omdat dit tybesparend is, in noodgevalle gebruik kan word en wanneer vars groente nie bekombaar is nie.

- Vars vrugte word die minste deur nywerheidshostelle en -kantiene (52,2%) gekoop terwyl meer as 95% van die koshuise, hospitale en tehuise, en sentrums dit koop. Dit word gekoop vir gebruik by maaltye, in geregte en gebak, omdat dit 'n hoë voedingswaarde het, om gesondheids- en smaakredes en omdat dit relatief goedkoop is.
- Verwerkte vrugte wat uit ingemaakte en droë- en versuikerde vrugte bestaan, word veral deur hotelle, hospitale, koshuise en tehuise en sentrums gekoop. Afgesien van gebruik in maaltye en/of gerekte en/of gebak, word ingelegde vrugte gekoop omdat dit tydbesparend, en droë- en versuikerde vrugte omdat dit gesond is.

### **1.3 FREKWENSIE EN DAG VAN AANKOPE**

- Institusies koop varsprodukte, veral vars groente, baie gereeld aan. Relatief baie institusies koop daagliks of twee of drie keer per week terwyl relatief min institusies met langer tussenpose as 'n week varsprodukte koop.
- Alle weekdae is belangrik vir aankope terwyl veral sommige van die hotelle en verversingsinstellings ook op Saterdae en selfs Sondae varsprodukte koop.

### **1.4 MOTIVERINGSFAKTORE BY DIE AANKOOP VAN VARSProduKTE**

- Kwaliteit is die belangrikste faktor by alle soorte institusies gevvolg deur prys, deurlopende voorsiening, verskeidenheid en hoeveelheid.
- Kwaliteitstandaarde in die RSA is onder verdenking omdat dit na bewering by die gehalte van die oes aangepas word en dus nie altyd dieselfde is nie.

### **1.5 JAARLIKSE BESTEDING**

#### **1.5.1 Vars groente volgens soort institusie**

Figuur 1.1 toon die totale jaarlikse besteding aan vars groente volgens soort institusie vir 1989–1990. Verversingsinstellings het net meer as 'n kwart (25,2%) van die R119,0 miljoen bestee. Na verversingsinstellings volg hotelle (19,8%) en mynhostelle en -kantiene (15,5%) terwyl nywerheidshostelle en -kantiene (4,8%) se bydrae die laagste was.

#### **1.5.2 Vars vrugte volgens soort institusie**

Figuur 1.2 toon die totale jaarlikse besteding aan vars vrugte volgens soort institusie vir 1989–1990. Hotelle was verantwoordelik vir die grootste aandeel (24,3%) in die totale besteding van R46,1 miljoen aan vars vrugte gevvolg deur hospitale (16,6%) en verversingsinstellings (16,3%).

Vergelyking van figuur 1.2 met figuur 1.1 toon enkele verskuiwings in die rangorde van die institusies. So is verversingsinstellings die grootste kopers van vars groente (figuur 1.1) terwyl hulle die derde grootste is by vars vrugte (figuur 1.2).

### 1.5.3 Vars, ingemaakte, bevrore en ontwaterde groente


Figuur 1.3 toon die totale jaarlikse besteding aan vars, ingemaakte, bevrore en ontwaterde groente vir 1989–1990. Die besteding aan vars groente maak 72,7% uit van die totale besteding van R163,6 miljoen. Bevrore groente se aandeel is 18,6%, ingemaakte groente 6,8% en ontwaterde groente 1,9%.

### 1.5.4 Vars, ingemaakte, droë- en versuikerde vrugte

Figuur 1.4 toon die totale jaarlikse besteding aan vars, ingemaakte, droë- en versuikerde vrugte vir 1989–90. Van die R63,2 miljoen wat bestee is, is 72,9% aan vars, 21,3% aan ingemaakte en 5,8% aan droë- en versuikerde vrugte bestee.


**FIGUUR 1.1**

Totale jaarlikse besteding aan vars groente volgens soort institusie,  
1989–90




**FIGUUR 1.2**  
Totale jaarlikse besteding aan vars vrugte volgens soort institusie,  
1989–90

R46,1 miljoen




**FIGUUR 1.3**  
Totale jaarlikse besteding aan vars, ingemaakte, bevore en ontwaterde groente, 1989–90

R163,6 miljoen



**FIGUUR 1.4**  
Totale jaarlikse besteding aan vars, ingemaakte en droë- en  
versuikerde vrugte, 1989–90

R63,2 miljoen



## 1.6 PLEK VAN AANKOPE

### 1.6.1 Jaarlikse besteding aan vars groente

Figuur 1.5 toon die totale jaarlikse besteding aan vars groente volgens aankoopplek vir 1989–90. Institusies koop meer as die helfte (50,6%) van hul vars groente by distributeerders en groothandelaars. Groentewinkels voorsien 'n verdere 26,7%, wat beteken dat die ander aankoopplekke gesamentlik minder as 'n kwart van die vars groente aan institusies verskaf. By 'ander' aankoopplekke in figuur 1.5 word hipermarkte en kettingwinkels, die informele sektor en ander verkoopplekke soos kafees ingesluit.

### 1.6.2 Jaarlikse besteding aan vars vrugte

Figuur 1.6 toon die jaarlikse besteding aan vars vrugte volgens aankoopplek vir 1989–90. Distributeerders en groothandelaars se aandeel (52,8%) in die voorsiening van vars vrugte aan institusies is selfs groter as hul aandeel (50,6%) in die voorsiening van vars groente. Groentewinkels se aandeel in die voorsiening van vars vrugte (23,8%) is laer as by vars groente (26,7%) terwyl die varsprodukemark se aandeel by vars vrugte (11,7%) hoër is as by vars groente (9,7%).


### 1.6.3 Redes vir aankope

- Die varsproduktemark word verkies om redes van die prys, varsheid, beskikbaarheid en kwaliteit van die produkte.
- Makelaars (dit is agente wat voorraad nie fisies hanteer nie, dit wil sê buitemarktransaksies doen) word verkies om redes van aflewering, kontrakte of tenders en beskikbaarheid van die produkte.
- Boere of produsente word verkies om redes van prys, beskikbaarheid, varsheid en kwaliteit van die produkte.


**FIGUUR 1.5**

Totale jaarlikse besteding aan vars groente volgens aankoopplek, 1989–90

R119,0 miljoen



**FIGUUR 1.6**  
Totale jaarlikse besteding aan vars vrugte volgens aankoopplek, 1989–90  
R46,1 miljoen



- Distribueerders en groothandelaars word ondersteun vanweë kontrakte of tenders, prys, aflewering en besparing van tyd.
- Hipermarkte en kettingwinkels word besoek omdat dit tyd bespaar en in noodgevalle.
- Groentewinkels word verkiës om redes van beskikbaarheid, tydbesparing, prys, aflewering en varsheid van produkte.
- Die informele sektor word ondersteun omdat dit tyd bespaar en in noodgevalle.

## **1.7 PRYSBEPALING**

### **1.7.1 Metode**

- Normale kleinhandelspryse word deur relatief baie insitusies betaal. Net 18,8% van die mynhostelle en -kantiene betaal egter normale kleinhandelspryse, terwyl 54,2% van die tehuise en sentrums normale kleinhandelpryse betaal.
- Kontrakte waarvolgens op bepaalde prys ooreengekom word, word deur 58,8% van die mynhostelle en -kantiene gesluit, terwyl net 3,6% van die hotelle sulke kontrakte sluit.
- Met die uitsondering van koshuise (22,3%) is die persentasie institusies wat tenders vir die lewering van varsprodukte vra, aansienlik kleiner as diegene wat kontraktuele ooreenkomste aangaan.
- Afgesien van mynhostelle en -kantiene en hospitale is die bepaling van spesiale prys deur onderhandeling die metode wat relatief die meeste gebruik word. Die persentasie wissel van 17,6% by mynhostelle en -kantiene tot 53,9% by die verversingsinstellings.

### **1.7.2 Prystermyne**

- By kontrakte is die algemeenste termyne een maand, 'n jaar, of langer.
- By tenders is 'n jaar of langer die gewildste termyn.
- Die algemeenste termyn waарoor onderhandel word, is 'n week.

## **1.8 TITEL VAN BESLUITNEMER**

Die titel van die besluitnemer oor aankope van varsprodukte is in die geval van posversendings of posreklame belangrik. Uit die aard van die saak sal die titels volgens soort institusie verskil. Die ondersoek het egter getoon dat 'n hele reeks titels by elkeen van die verskillende soorte institusies gebruik word. Dit is net by koshuise waar meer as 30% van die respondentie dieselfde titel, naamlik matrone, gebruik.

## **1.9 GESONDHEIDSASPEKTE VAN VARSPRODUKTE**

Die persentasie institusies wat sê verbruikers behoort ingelig te word oor die verbouings- en behandelingsaspekte van varsprodukte wat 'n invloed kan hê op gesondheid, het van 38,8% by hotelle tot 61,5% by verversingsinstellings gewissel. Die algemeenste aspek waaroor verbruikers ingelig behoort te word, is die plaagdoders waarmee varsprodukte behandel word.

## **1.10 EIENSKAPPE VAN GROOT INSTITUSIONELE AANKOPERS VAN VARSPRODUKTE**

- Die 24,8% institusies wat meer as R22 800 per jaar in 1989–90 aan varsprodukte bestee het is vir 84% en 82,8% van die totale institusionele besteding onderskeidelik aan vars groente en vars vrugte veraantwoordelik.
- Alle soorte institusies val in die grootegroep, maar die grootste getal is hospitale (28,4%), verversingsinstellings (22,2%) en koshuise (12,4%).
- 'n Indeling van institusies volgens grootegroep toon dat die meerderheid (60,5%) van die mynhostelle en -kantiene as groot gereken kan word terwyl 46,8% van die hospitale, 45,4% van die verversingsinstellings en 30,4% van hotelle in dié groep val.
- Die gemiddelde besteding per respondent wat in dié groep val is R90 558 aan vars groente en R35 608 aan vars vrugte.
- Prys en kwaliteit is belangrike faktore by alle institusies wat varsproduktes aankoop, maar deurlopende voorsiening dra meer gewig by die grootste aankopers as by die ander institusies.
- Institusies wat groot aankoop besoek alle afsetplekke van varsproduktes, maar gee aan distribueerders en groothandelaars (46,4% koop daar), groentewinkels (36,7%), boere en produsente (16,9%) en die varsproduktemark (13,2%) voorkeur.
- Institusies wat groot aankoop is verantwoordelik vir 92,2% van die totale verkope van varsproduktes deur distribueerders en groothandelaars aan alle institusies, 85,6% van die verkope deur boere en produsente, 84,2% van die verkope deur makelaars en 77,3% van die verkope by varsproduktemarkte.
- Die gemiddelde jaarlikse besteding in 1989–90 net deur die respondenten wat daar koop, was R159 956 by distribueerders en groothandelaars, R94 656 by die varsproduktemark, R79 829 by makelaars en R69 210 by groentewinkels.
- Net 18,6% van die groep institusies betaal normale kleinhandelspryse terwyl 39,2% deur onderhandeling, 31,9% deur kontraktuele ooreenkoms en 10,3% deur tenders spesiale prys beding.

## **1.11 ALGEMENE OPMERKINGS**

Die private verbruiksbesteding aan varsproduktes deur die inwoners van die metropolitaanse gebiede van die RSA (uitsluitende die nasionale state) word op R218,1 miljoen per maand in 1990 geraam. Dit beteken 'n beraamde besteding van R2 617,2 miljoen per jaar. In 1975 was die markaandeel van private verbruikers in die metropolitaanse gebiede van die RSA 60,3% van

## ***Opsomming***

die kontantbesteding aan vars groente en vrugte deur alle inwoners van die RSA en TBVC lande ( Nel: 1980). Indien aanvaar word dat die opheffing van instromingsbeheer die bevolking in die metropolitaanse gebiede vinniger laat groei het as in die res van die land, en verder dat die mense oor die algemeen in die metropolitaanse gebiede meer welvarend is as in die ander gebiede, kan aanvaar word dat die markaandeel in die kontantbesteding aan varsprodukte in 1990 in die metropolitaanse gebiede hoër is as in 1975. Gestel die markaandeel is 65%, dan is die beraamde kontantbesteding aan varsprodukte deur private verbruikers in 1990 in die RSA en TBVC lande R4 026 miljoen. Vir die jaar 1989–90 is die totale kontantbesteding aan varsprodukte deur institusies R165,1 miljoen of slegs 4,1% van dié van private verbruikers. In massa verkoop sal die aandeel van institusies hoër as die 4,1% wees, omdat 'n groot persentasie van die aankope van institusies nie teen normale kleinhandelspryse geskied nie.

## **1.12 AANBEVELINGS**

Aangesien die studie net 'n onderdeel is van 'n groter navorsingsprojek oor al die aspekte van die bemerking van varsprodukte, is die aanbevelings tot die bevindings van die kleiner studie beperk. Verdere uitbreiding en verfyning van die aanbevelings sal waarskynlik moontlik wees sodra die geheelbeeld na vore kom.

Die doel van die studie is om die institusionele verbruik van vars groente en vrugte in die RSA na te vors.

Die resultate van die studie, tesame met die resultate van die studie oor private verbruikers, behoort aan die varsproduktebedryfstak 'n duidelike beeld van die finale verbruikers van varsprodukte, asook die finale verbruikers van verwerkte groente en vrugte, te gee.

### **1.12.1 Produk**

Verreweg die belangrikste vereiste wat institusies aan varsprodukte stel, is dat dit van goeie kwaliteit moet wees. Waar gradering plaasvind moet dieselfde standaarde deurgaans geld. Institusies is oor die algemeen bekommern oor die plaagdoders waarmee varsprodukte behandel word, en daar moet gewaak word teen die onoordeelkundige gebruik van plaagdoders en teen die ontketening van 'n openbare polemiek daaroor.

### **1.12.2 Prys**

Naas kwaliteit is prys die belangrikste faktor by die aankoop van varsprodukte. Die belangrikste rede waarom vars groente en vrugte deur institusies gekoop word, is vir gebruik in maaltye en/of geregte en/of gebak. 'n Groot persentasie van die institusies is op die winsmotief ingestel en, indien die prys van vars groente en/of vrugte relatief vinnig tot dié van ander voedsel styg, kan 'n mate van substitusie plaasvind.

### **1.12.3 Distribusie**

Afgesien van die twee faktore, kwaliteit en prys, wat baie belangrik is by die aankoop van varsprodukte deur institusies, word daar ook 'n hoë premie op deurlopende voorsiening, veral deur die groter institusies, geplaas. Verspreiders van varsprodukte aan institusies moet nie net produkte van hoë kwaliteit deurlopend kan voorsien nie, maar ook bereid wees om ooreenkoms oor spesiale prysse aan te gaan. Dit wil voorkom asof distribueerders en groothandelaars grootliks aan hierdie vereistes voldoen, want hulle is die belangrikste verskaffers van varsprodukte aan institusies.

### **1.12.4 Kommunikasie**

Met die ondersoek is bevind dat ongeveer een kwart van die institusies vir meer as 80% van die aankope van varsprodukte deur institusies verantwoordelik is. Persoonlike kontak met die institusies sal verseker dat die probleme wat hulle, asook ander institusies, moontlik ondervind vroegtydig geïdentifiseer en opgelos kan word.

**BRON:**

P.A. Nel. *Household expenditure on food in the Republics of South Africa, Transkei and Bophuthatswana, 1975*. Navorsingsverslag nr. 77, Buro vir Marknavorsing, Pretoria, 1980.

## **HOOFSTUK 2**

---

# **Doel, omvang en metode van die studie**

### **2.1 DOEL MET DIE STUDIE**

Groente en vrugte word verbou omdat dit 'n noedsaaklike bestanddeel van die menslike dieet uitmaak. Hierdie behoefte van die mens kan bevredig word deur vars groente en vrugte en/of verwerkte groente en vrugte (soos ingemaak, ontwater, gedroog en versuiker) en/of voorbereide maaltye aan te koop. Die finale vraag na vars groente en vrugte kan van die vraag van private verbruikers afgelei word. Drie marksegmente kan egter onderskei word: private verbruik, nywerheidsverbruik en institusionele verbruik van vars groente en vrugte.

Die hoofdoel van die studie is om die institusionele verbruik van vars groente en vrugte vas te stel.

Sekondêre doelwitte is om by institusionele verbruikers/kopers die volgende te bepaal:

- (a) Die besteding aan verwerkte groente en vrugte
- (b) Die redes vir die aankoop van vars en verwerkte groente en vrugte
- (c) Die aankooppatroon van vars groente en vrugte
- (d) Die besteding aan vars groente en vrugte by die verskillende aankoopplekke en die redes waarom daar gekoop word
- (e) Die faktore wat 'n rol speel by die aankoop van vars groente en vrugte
- (f) Die wyse waarop die pryse van varsprodukte vasgestel word
- (g) Gesondheidsaspekte waaroer verbruikers ingelig behoort te word
- (h) Die titel van die persoon wat oor die aankoop van vars groente en vrugte besluit

Die inligting behoort die bemarker van vars groente en vrugte in staat stel om die behoeftes van dié marksegment beter te begryp en sy bemarkingstrategie daarvolgens aan te pas.

## **2.2 OMVANG VAN DIE STUDIE**

### **2.2.1 Produkte**

Die grootste gedeelte handel oor vars groente en vars vrugte as twee afsonderlike groepe produkte, met ander woorde daar word nie na die verskillende soorte vars groente en vrugte verwys nie. Enkele vrae in die vraelys het ook oor ingemaakte groente en vrugte, ontwaterde groente en droë- en versuikerde vrugte gehandel.

### **2.2.2 Teikengroepe**

'n Institusie is 'n instelling of onderneming wat gratis of teen betaling voorbereide etes aan mense verskaf. Die verskillende soorte institusies wat ingesluit is by die studie en die beraamde getal in elke groep, word in tabel 2.1 getoon.

#### **HOSTELLE EN KANTIENE**

By gebrek aan 'n adreslys van vervaardigingsondernemings (hierna genoem nywerhede), myne en konstruksie-ondernemings met hostelle, kantiene of konstruksiekampe, is vraelyste aan alle nywerhede met 500+ werknemers, konstruksie-ondernemings met 400+ werknemers en aan alle myne gestuur. Verder is 'n sistematische ewekansige steekproef van ongeveer 30% van die nywerhede met 100 tot 499 werknemers en konstruksie-ondernemings met 100 tot 399 werknemers getrek. Die ondernemings wat wel oor 'n hostel, kantien of konstruksiekamp beskik, is versoek om die vraelys te voltooi, terwyl die ondernemings sonder die fasilitete die vraelys bloot met 'n nota ter verduideliking en onvoltooid moes terugstuur.

#### **KOSHUISE**

Ongeveer 87% van alle koshuise aan opvoedkundige inrigtings is deur middel van 'n vraelys om inligting genader. Ewekansige steekproewe is uit elkeen van die adreslyste van die verskillende onderwysowerhede, asook universiteits- en technikonkoshuise getrek. Die onderwysowerhede wat toestemming vir die opnames verleen het, is die onderwysdepartemente van die vier provinsies wat ressorteer onder Administrasie: Volksraad, Departement van Onderwys en Opleiding, Departement van Onderwys en Kultuur van die Raad van Afgevaardigdes asook van die Raad van Verteenwoordigers. Private skole en onderwyskolleges se koshuise is ook by die opname ingesluit.

#### **HOTELLE**

Ongeveer elke derde (32,2%) van alle geregistreerde gegradeerde hotelle is deur middel van 'n sistematische ewekansige steekproef geselekteer om deel te neem aan die opname.

**TABEL 2.1**  
Universum en getal institusies ingesluit by die steekproef

Soort institusie	Universum	Steekproef	
		Getal	% van universum
<b>Nywerheidshostelle en -kantiene*</b>			
Nywerhede met 500+ werknemers	892	892	100,0
Nywerhede met 100–499 werknemers	2 446	726	29,7
<b>Mynhostelle en -kantiene (alle myne)*</b>	1 109	1 109	100,0
<b>Konstruksiekampe en -kantiene*</b>			
Konstruksieondernemings met 400+ werknemers	216	216	100,0
Konstruksieondernemings met 100–399 werknemers	616	172	27,9
Koshuise aan opvoedkundige inrigtings	753	657	87,3
Hotelle	1 321	426	32,2
Hospitale en verpleegsterstehuise	679	587	86,5
Tehuise en sentrums			
Ouetehuise	553	488	88,2
Kinderhuise	159	159	100,0
Rehabilitasiesentrums	171	171	100,0
Kleuter- en bewaarskole	1 424	728	51,1
Restourante en verversingsondernemings	933	933	100,0
Owerheidsektor	4	4	100,0
<b>Totaal</b>	<b>11 276</b>	<b>7 268</b>	<b>65,5</b>

\*Ondernemings wat moontlik oor hostelle, kantiene en konstruksiekampe beskik.

### HOSPITALE

Van die 679 hospitale is 86,5% versoek om 'n vraelys vir die hospitaal asook die verpleegsterstehuise wat aan hulle gekoppel is, te voltooi.

### TEHUISE EN SENTRUMS

Onder tehuise en sentrums ressorteer ouetehuise, kinderhuise, rehabilitasiesentrums en bewaar- en kleuterskole. Alle ouetehuise waarvoor adresse beskikbaar is (88,2%), is by die opname ingesluit. Verder is alle kinderhuise en rehabilitasiesentrums om inligting genader. Onder die bewaar- en kleuterskole is 'n ewekansige steekproef van 51,1% getrek.

## **RESTOURANTE EN VERVERSINGSONDERNEMINGS**

Alle restaurante en verversingsondernemings in die metropolitaanse gebiede wat in die Geel Bladsye voorkom, asook enkele ander adresse wat deur die hoofkantore van kettingverversingsondernemings verskaf is, is by die opname ingesluit. Geen sekondêre bronne kon opgespoor word om 'n aanduiding van die werklike universum te gee nie.

## **OWERHEIDSEKTOR**

Die SA Polisie, SA Gevangenisdiens, Transnet en die Departement van Verdediging is by die studie ingesluit en word gesamentlik die Owerheidsektor genoem.

## **2.3 METODE VAN DIE STUDIE**

Primêre inligting is deur middel van 'n posopname ingesamel. Telefoononderhoude is slegs gevoer in gevalle waar die inligting op die vraelyste onvolledig of onduidelik was.

### **2.3.1 Vraelys**

'n Gestruktureerde vraelys is in samewerking met die navorsingsdirekteur opgestel en by 'n nywerheidshostel, koshuisse (2), 'n hotel, 'n hospitaal, 'n ouetehuis en 'n restaurant getoets. Die nodige aanpassings is, na aanleiding van die resultate van die voortoetsing, gemaak.

Agt verskillende vraelyste is na gelang van die soort institusie in die opname gebruik. Al die vrae oor besteding aan vars groente en vrugte en die houdings, voorkeure en redes vir die aankoop daarvan, het in al die vraelyste dieselfde gebly. Die inleidende gedeelte van die vraelyste direk na die dekbrief verskil volgens die soort vraelys. Dit dien hoofsaaklik as filtervraag en/of om inligting vir die verheffing van die steekproefinligting tot landstotale te verskaf. Die vraelys in bylae C is aan hospitale gestuur.

### **2.3.2 Tydsduur van die opname**

Vraelyste is gepos aan alle steekprofeenhede, behalwe bewaar- en kleuterskole, gedurende die twee weke ná 6 Februarie 1990. Sekere ondernemings het getoon dat hul aankope van vars groente en vrugte vir personeel se kinders in kleuterskole aansienlik was. Gevolglik is besluit om hulle by die studie in te sluit en 'n vraelys is op 20 Maart 1990 aan bewaar- en kleuterskole gepos. Die institusies wat nie op die vraelyste gereageer het nie, het by tussenpose van 'n maand twee verdere vraelyste ontvang om hulle aan die studie te herinner. Die uitsonderings was bewaar-en kleuterskole aan wie slegs een vraelys gestuur is. Vraelyste wat tot 15 June 1990 teruggestuur is, is by die studie ingesluit.

### **2.3.3 Metode van berekening**

Kwalitatiewe inligting word deurgaans as 'n persentasie van die respondentie in die bepaalde groep aangetoon. Die besteding aan vars groente en vrugte by institusies verskil egter aansienlik van die een institusie na die ander, selfs binne bepaalde soorte. 'n Tabel met kwantitatiewe en kwalitatiewe inligting is derhalwe op grond van besteding, in plaas van soort institusie, opgestel.

Die totale besteding aan die verskillende produkte is volgens soort institusie en plek van aankope bereken en tot landstotale as volg verhef:

#### **NYWERHEIDSHOSTELLE EN -KANTIENE**

Die gemiddelde jaarlikse besteding van deelnemende vervaardigers met 100 tot 499 werknemers en dié met 500+ werknemers is afsonderlik met die totale aantal vervaardigers in die groepe vermenigvuldig.

#### **MYNHOSTELLE EN -KANTIENE**

Die gemiddelde besteding per werknemer van respondentie is met die totale getal werknemers vermenigvuldig.

#### **KONSTRUKSIEKAMPE**

Slegs twee konstruksie-ondernehemings van die 138 wat gereageer het verskaf self etes aan hulle werknemers. Gevolglik word konstruksie-ondernehemings by die bespreking van die resultate van die opname, buite rekening gelaat.

#### **KOSHUISE**

Die gemiddelde besteding per koshuisganger van deelnemende koshuise is met die totale aantal koshuiskinders vermenigvuldig.

#### **HOTELLE**

Die gemiddelde besteding per hotelbed van deelnemende hotelle is met die totale aantal hotelbeddens vermenigvuldig.

#### **HOSPITALE EN VERPLEEGSTERSTEHUISE**

Die gemiddelde besteding per hospitaalbed van deelnemende hospitale is met die totale aantal hospitaalbeddens vermenigvuldig.

#### **TEHUISE EN SENTRUMS**

Die gemiddelde besteding per inrigting is afsonderlik met die totale aantal inrigtings by elkeen van die vier groepe vermenigvuldig.

## RESTOURANTE EN VERVERSINGSONDERNEMINGS

Die gemiddelde besteding per respondent is met die universum vermenigvuldig. Enkele groot verversingsondernemings is afsonderlik behandel omdat hulle as buitengewoon beskou kan word.

## OWERHEIDSEKTOR

Die gerapporteerde inligting is net soos dit ontvang is, weergegee.

## 2.4 BETROUABAARHEID VAN DIE DATA

### 2.4.1 Steekproeffout

Die inligting oor die steekproewe soos in tabel 2.1 uiteengesit, is uiteraard aan steekproeffoute onderhewig. Aangesien dit nie doenlik was om die foutgrens in elke geval te bereken nie, is besteding aan vars groente deur hospitale gekies om van die foutmarge in die berekenings van die kwantitatiewe data 'n aanduiding te verkry. Die volgende formule is toegepas:

$$\text{Foutgrens} = 1,96 \sqrt{\frac{\sum(x - \bar{x})^2}{n - 1}}$$

waar  $x$  = steekproefwaarnemings

$\bar{x}$  = steekproefgemiddelde

$n$  = getal waarnemings

Die foutgrens vir besteding aan vars groente deur hospitale is met 'n 95% betroubaarheidsgrens as 9,8% bereken.

In die geval van verhoudingsdata wat meestal vir kwalitatiewe inligting gebruik word, is die volgende formule gebruik:

$$\text{Foutgrens} = 1,96 \sqrt{\frac{p(100 - p)}{n}}$$

waar  $p$  = persentasie institusies wat positief gereageer het

$n$  = waarnemings

So kan met 'n 95% betroubaarheidsgrens gekonstateer word dat die persentasie hotelle wat wel vars groente aankoop, nie minder as 97,4% kan wees nie en dat die persentasie hotelle wat vars groente by groentewinkels koop tussen 49% en 66,7% kan wissel.

### 2.4.2 Steekproefverlies

Tabel 2.2 toon die getal vraelyste wat uitgestuur en teruggestuur is en die responsiekoers by elke soort institusie. Die responsiekoers uitsluitende die owerheidsektor, wissel van 19,1% by bewaar- en kleuterskole tot 60,2% by ouetehuise. By bewaar- en kleuterskole was dit waarskynlik so laag omdat die institusies op 'n later datum as die ander by die studie betrek is en net een vraelys ontvang het. Dit spreek vanself dat die betroubaarheid van die

resultate negatief beïnvloed sal word, indien dit sal blyk dat nie-deelnemende institusies sekere eienskappe gemeen het.

### **2.4.3 Rapporteerfoute**

Dit is uiters moeilik om rapporteerfoute heeltemal uit te skakel, maar verskoie stappe is geneem om hierdie soort fout tot die minimum te beperk. Die vraelys is in konsultasie met die navorsingsdirekteur opgestel en getoets om vas te stel of dit aan al die vereistes voldoen en die benodigde inligting sou insamel. Elke vraelys is vergesel van 'n brief van die BVM waarin die belangrikheid van die studie beklemtoon en die respondentie van die betroubaarheid van die inligting verzekер is (bylae C).

**TABEL 2.2**  
Getal vraelyste uitgestuur en terugontvang volgens soort institusie

Institusie	Getal vraelyste uitgestuur	Getal vraelyste terugontvang	Respon-siekoers %
Nywerheidshostelle en -kantiene*	1 618	787	48,6
Mynhostelle en -kantiene	1 109	385	34,7
Konstruksiekampe en -kantiene*	388	138	35,6
Koshuise aan opvoedkundige inrigtings	657	368	56,0
Hotelle	426	121	28,4
Hospitale en verpleegsterstehuise	587	330	56,2
Tehuise en sentrums			
Ouetehuise	488	294	60,2
Kinderhuise	159	62	39,0
Rehabilitasiesentrums	171	73	42,7
Kleuter- en bewaarskole	728	139	19,1
Restourante en verversingsondernemings	933	272	29,2
Owerheidsektor	4	4	100,0
<b>Totaal</b>	<b>7 268</b>	<b>2 973</b>	<b>40,9</b>

\*Ondernemings wat moontlik oor hostelle, kantiene en konstruksiekampe beskik.

#### **2.4.4 Verwerkingsfoute**

Foute kan insluip as die verwerkings nie noukeurig genoeg gedoen word nie. Die vraelyste is nagesien deur ervare dataverwerkers wat goed tweetalig is. Enige weglatings, onduidelikhede en teenstrydighede in die vraelyste is telefonies opgeklaar met die kontakpersoon soos op die vraelys (bylae C) aangedui. Dubbelsinnige antwoorde op oop vrae is met die navorsing bespreek. Die datavaslegging is geverifieer deur 'n tweede persoon, en in die rekenaar is programme ingebou wat vir onmoontlike waardes getoets het. Alle berekening is deur die rekenaar gedoen.

#### **2.4.5 Steekproefraam**

In afdeling 2.2.2 is die steekproefframe en die tekortkominge daarvan verduidelik. Die gebreke in die steekproefframe het 'n negatiewe invloed op die volledigheid en dus die betroubaarheid van die ingesamelde inligting.

### **2.5 VALIDERING**

Die inligting wat in 'n steekproefopname ingesamel word, kan met sekondêre bronne vergelyk word om die betroubaarheid daarvan te toets. Geen sekondêre inligting was egter beskikbaar waarmee die opnameresultate van die studie vergelyk kon word nie.

## **HOOFSTUK 3**

---

# **Resultate van die ondersoek**

### **3.1 INLEIDING**

Die resultate van die ondersoek word in die hoofstuk bespreek. In die tabelle met kwalitatiewe inligting is daar afsonderlike kolomme vir nywerheids-hostelle en -kantiene, mynhostelle en -kantiene, koshuise, hotelle, hospitale, tehuise en sentrums en verversingsinstellings wat restaurante en verversingsondernemings is. Geen totale word vir kwalitatiewe inligting gegee nie, omdat die institusies so verskillend van aard is, dat 'n kolom vir 'n totaal niksseggend sou wees. Daar word by kwalitatiewe inligting ook nie vir die owerheidsektor voorsiening gemaak nie omdat die owerheidsektor net uit vier afdelings bestaan (kyk afdeling 2.2.2).

Die kwantitatiewe resultate vir die owerheidsektor verskyn in 'n aparte kolom. Totale vir alle institusies is ook bereken. In die bespreking van aankoopplekke slaan 'makelaars' op agente wat voorraad nie fisies hanteer nie, dit wil sê buitemarktransaksies doen.

Die eerste gedeelte van die hoofstuk handel oor die aankope en redes vir aankope van vars en verwerkte groente en vrugte. Daarna word die frekwensie en dag van aankope en motiveringsfaktore vir die aankope van vars groente en vrugte bespreek, en uiteindelik besteding aan die produkte. Die plek van aankope kom volgende aan die beurt en die hoofstuk sluit af met 'n bespreking van die eienskappe van institusies volgens groottegroepe.

### **3.2 AANKOPE VAN VARS EN VERWERKTE GROENTE EN VRUGTE**

Tabel 3.1 toon die persentasie institusies wat vars, ingemaakte, bevrome en ontwaterde groente en vars, ingemaakte en droë- en/of versuikerde vrugte koop. Tabel 3.2 toon die belangrikste redes waarom respondentie die produkte koop. In bylae A, tabel A1 tot A7 word die redes meer in besonderhede gegee.

### **3.2.1 Vars groente**

Vars groente word deur bykans alle respondentē gekoop. By nywerheidshostelle en -kantiene beskik die 8,4% wat nie vars groente koop nie net oor kantiene wat nie etes verskaf nie, terwyl die 8,2% tehuise en sentrums hoofsaaklik kleuterskole is wat nie etes verskaf nie. Die belangrikste redes waarom vars groente gekoop word, is vir maaltye of geregte of gebak; omdat dit 'n hoë voedingswaarde het; die pryse daarvan redelik is en gevvolglik meer ekonomies is as sommige ander voedselsoorte (tabel 3.2). Gesondheidsredes, smaak en die gebruik van vars groente in slaiae is ook belangrike redes waarom vars groente gekoop word (tabel A1 in bylae A).

### **3.2.2 Ingemaakte groente**

Die persentasie respondentē wat ingemaakte groente koop, wissel van 8,1% by mynhostelle en -kantiene tot 59,9% by hospitale (tabel 3.1). Die belangrikste redes waarom ingemaakte groente gekoop word, is dat dit tydbesparend is, in noodgevalle gebruik kan word, vars groente nie bekombaar is nie, en dit in maaltye gebruik word (table 3.2),

### **3.2.3 Bevroere groente**

By elkeen van die verskillende soorte institusies is daar meer institusies wat bevroere as ingemaakte groente koop (tabel 3.1). Minder as die helfte van die myn- (14%) en nywerheidshostelle en -kantiene (47,4%) koop bevroere groente terwyl 83,5% van die hotelle bevroere groente koop. Dieselfde redes as dié by ingemaakte groente word ook as die belangrikste by bevroere groente genoem (tabel 3.2).

### **3.2.4 Ontwaterde groente**

Ontwaterde groente word deur slegs 2,6% van die verversingsondernemings teenoor 31,3% van die hospitale aangekoop (tabel 3.1). Dit word vir maaltye, geregte en gebak gebruik, maar word ook gekoop wanneer vars groente nie beskikbaar is nie. In sekere gevalle is ontwaterde groente meer ekonomies en tydbesparend en kan in noodgevalle gebruik word (tabel 3.2).

### **3.2.5 Vars vrugte**

Vars vrugte word deur net meer as die helfte van die nywerheidshostelle en -kantiene (52,2%) en byna alle koshuise (97,5%), hospitale (96,8%) en tehuise en sentrums (96,3%) gekoop (tabel 3.1). Vars vrugte word gekoop om as deel van 'n maaltyd voor te sit en in geregte en gebak te gebruik (tabel 3.2). Verder word dit gekoop omdat dit hoë voedingswaarde het, om gesondheidsredes, mense daarvan hou, dit lekker smaak en die prys daarvan dit ekonomies maak om te koop.

**TABEL 3.1**

Percentasie institusios wat vars en verwerkte groente en vrugte aankoop

Produk	Hostelle en kantiene			
	Nywerhede	Myne	Koshuise	Hotelle
	%	%	%	%
Vars groente	91,6	97,7	99,4	99,1
Ingemaakte groente	19,7	8,1	55,7	55,7
Bevrome groente	47,4	14,0	61,8	83,5
Ontwaterde groente	10,8	7,0	18,8	7,0
Vars vrugte	52,2	75,6	97,5	89,6
Ingemaakte vrugte	24,5	14,0	76,4	82,6
Droë-/versuikerde vrugte	8,4	5,8	34,7	30,4

**TABEL 3.1 (vervolg)**

Percentasie institusios wat vars en verwerkte groente en vrugte aankoop

Produk	Hospitale	Tehuise en sentrums	Verversings-insellings
	%	%	%
Vars groente	100,0	91,8	100,0
Ingemaakte groente	59,9	49,4	38,0
Bevrome groente	68,3	59,9	39,3
Ontwaterde groente	31,3	12,4	2,6
Vars vrugte	96,8	96,3	83,0
Ingemaakte vrugte	76,1	60,2	40,6
Droë-/versuikerde vrugte	41,9	37,3	17,5

### 3.2.6 Ingemaakte vrugte

'n Groot persentasie hotelle (82,6%) koop ingemaakte vrugte terwyl slegs 14% van die mynhostelle en kantiene aangedui het dat hulle dit koop (tabel 3.1). Ingemaakte vrugte word gekoop vir gebruik in maaltye, geregte en gebak omdat dit tydbesparrend is, in noodgevalle gebruik kan word en altyd beskikbaar is (tabel 3.2).

### 3.2.7 Droë- en versuikerde vrugte

Meer as 30% van die koshuise (34,7%), hotelle (30,4%), hospitale (41,9%) en tehuise en sentrums (37,3%) koop droë- en versuikerde vrugte (tabel 3.1). Droë- en versuikerde vrugte word hoofsaaklik gekoop vir gebruik in maaltye, geregte en gebak en om gesondheidsredes.

**TABEL 3.2**

Belangrikste redes vir die aankope van vars en verwerkte groente en vrugte volgens soort institusie

Rede	Hostelle en kantiene			
	Nywerhede	Myne	Koshuise	Hotelle
	%	%	%	%
<b>VARS GROENTE</b>				
Maaltyd/geregte/gebak	48,3	33,4	21,5	38,7
Voedingswaarde	16,2	23,8	27,9	0,9
Prys/meer ekonomies	11,4	6,0	11,8	7,9
